WAT IS 'N SAADWET?

Saadwette word deur regerings en die bedryf ontwikkel om die formele of kommersiële saadsektor te beheer. Hulle lê ook standaarde vir 'n land en die kommersiële saadbedryf neer waarvolgens die gehalte en suiwerheid van saadvariëteite gereguleer word.

Saadwette het te make met

- stelsels waarvolgens variëteite vrygestel word;
- saadsertifisering;
- gehaltebeheerprosedures vir saad; en
- kwarantyn- en plantgesondheidstelsels – om siektes en peste te beheer.

Daar is nasionale variëteitvrystellingskomitees en saadsertifiseringsinstansies en -stelsels wat met die prosedures verwant aan saadwette werk. Hierdie prosedures werk ten gunste van private saadmaatskappye, wat verbeterde saad wil kommersialiseer sodat hulle 'n wins kan maak.

Om vir bemarking in 'n land goedgekeur te word, moet saad aan spesiale kriteria, of standaarde, voldoen wat as DUS bekend staan. (*DUS* staan vir onderskeibaar (*distinct*), eenvormig (*uniform*) en stabiel (*stable*). Saadvariëteite wat goedgekeur is, word in 'n ***Nasionale Variëteitslys of -katalogus*** opgeneem. Hierna moet saadvariëteite gesertifiseer word ooreenkomstig streng reëls en prosedures wat saadgehalte en -suiwerheid meet.

'n Saadwet is 'n instrument wat gebruik word om die saadstelsel wat deur boere beheer word, te vervang en te ondermyn. Dit het 'n negatiewe impak op die diversiteit van plaaslike variëteite en boere se saadstelsels, en selfs op huishoudelike inkomste en voedselsekuriteit.

www.acbio.org.za info@acbio.org.za Tel +27 (0)11 486 1156

duducoelho.com